

WENNERS

Kleuterskool
Visvanger str. 52
Rooihuiskraal
Tel: (012) 661-9792

Faks: (012) 661-9792
Posbus 1467
Rooihuiskraal
0154

Naskool
Visvanger str. 27
Rooihuiskraal
Tel: (012)661-7756

Kleuterskool Informasie

Algemene Inligting

Alle kledingstukke moet asb. gemerk word. Geen verantwoordelikheid word aanvaar vir enige artikels wat verlore raak nie.

Tassies moet duidelik gemerk wees en groot genoeg om 'n kosblik en klere in te bêre. Ons aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige speelgoed wat skool toe gebring word nie.

Kospakkies moet daaglik vir 10:00 ingepak word. Dit is vir die kind belangrik om hierdie spesiale band met die ouer te kan hê.

Elke kind moet sy eie matrasoortreksel bring : 140cm x 60cm. Die oortreksel word Vrydae huis toe gestuur en moet asb. weer Maandae skool toe gestuur word. Graad 0's benodig nie 'n slopie nie.

Kinders met aansteeklike siektes mag nie die skool bywoon nie.

Onderriggelde

Deposito gelykstaande aan 1 maand se betaling is betaalbaar met registrasie.

Alle fooie is vooruitbetaalbaar voor of op die 3de van elke maand.

Rente van 15% sal gehef word op laat betalings.

Betalings deur die internet kan gedoen word na die volgende rekening:

Wenners Kleuterskool en Naskool
Standard Bank Centurion (012645)
Rekening Nommer: 410408980
Verwysing: U kind se naam

Een kalendermaand se skriftelike kennisgewing word vereis indien u u kind tydens die maande Januarie tot Oktober wil onttrek. Geen kennisgewing van onttrekking sal aanvaar word vir die maande November en Desember nie.

Alle fooie is betaalbaar - al is u kind afwesig as gevolg van siekte of vakansie.

'n Gewone maand se skoolfooie is betaalbaar vir die maand Desember.

Skooltye

Voldag : 06:30 - 17:30. 'n Boete is betaalbaar vir kinders wat laat afgehaal word.

Halfdag: 06:30 - 13:00

Oop gedurende skoolvakansies. Sluit ongeveer 2 weke in Desember.

WENNERS

Kleuterskool
Visvanger str. 52
Rooihuiskraal
Tel: (012) 661-9792

Faks: (012) 661-9792
Posbus 1467
Rooihuiskraal
0154

Naskool
Visvanger str. 27
Rooihuiskraal
Tel: (012)661-7756

Verslae

Verslae word 2 x per jaar uitegedeel.

Tuiswerk Gr. 0

Tuiswerk in Gr. 0 dien as inskerping en uitbreiding van kennis, asook inoefening van langtermyn geheue. Die kinders word beloon vir huiswerk wat gedoen is.

Opdragte sluit onder meer die volgende in:

- Versamel van prente
- Informasie uitvind
- Waarneming
- Gereeld Engels praat
- Praktiese toepassing van getalbegrip (baie telwerk, storiesomme, ens.)
- Kwaliteit tyd met ouers

Vervoer

Die skoolbussie vervoer kinder gratis na aktiwiteite in Rooihuiskraal.

Die middagbussie neem kinders huis toe om 13:00 en 16:00. 'n Bykomende fooi is vir hierdie diens betaalbaar.

Afhaal van kleuters

Indien 'n kind deur iemand anders as sy ouers afgehaal word, moet die skool in kennis gestel word.

Medisyne

Alle medikasie moet in die toepaslike houer geplaas word en in die lêr aangeteken word.

Snoepie

Snoepie word slegs op Donderdae verkoop.

Gelde word aan die personeellid aan diens oorhanding of in u kind se boekie geplaas.

Toelating

Die skoolbestuur behou die reg voor van toelating.